"48. Elke aansoeker om lidmaatskap moet voorgestel en gesekondeer word en moet, indien vereis, voor sy verkiesing verskyn voor die Algemene Komitee of onderkomitee wat ooreenkomstig reël 46 vir dié doel aangestel is. Die voorsteller en sekondant moet lede van die Effektebeurs wees wat nie langer verplig is om enige borge of sekuriteite vir die nakoming van hulle verpligtings te verskaf nie. Hierdie reël is nie op 'n geïnkorporeerde lid van toepassing nie."

Sub-rule 50 (iii) be deleted and substituted by new sub-rule 50 (iii) reading as follows:

"50. (iii) (1). No person shall be admitted or allowed to continue as a member unless he is of good character and high business integrity and unless, at the time of his admission and thereafter while he is authorised under the rules of the stock exchange to carry on the business of a stockbroker, he has in the Republic assets which exceed his liabilities by at least twenty thousand rand plus, if the provisions of sub-rule (i) of this rule apply to him, the amount referred to therein: Provided that

(a) a member who carries on business in partnership with any other member, shall be deemed so to have such assets if and so long as the partnership has in the Republic assets of which the aggregate value exceeds the amount of its liabilities by at least forty thousand rand, plus ten thousand rand multiplied by the number of partners in excess of two (2);
(b) a member who is a holder of shares of a corporate member shall be deemed so to have such assets if and so long as the corporate member has in the Republic assets of which the aggregate value exceeds the amount of its liabilities by at least forty thousand rand, plus ten thousand rand multiplied by the number of holders of shares of that corporate member in excess of two (2);

(c) until the 31st December 1974, a member who immediately prior to the 30th August 1971, was entitled under these rules to carry on the business of a stockbroker, shall so have assets which exceed his liabilities by at least ten thousand rand;

(d) until the 31st December 1974, if a member carries on business in partnership with any other member and he and every other member of such partnership were, immediately prior to the 30th August 1971, entitled under these Rules to carry on the business of stockbrokers, such firstmentioned person shall be deemed to have such assets if and so long as the partnership has in the Republic assets of which the aggregate value exceeds the amount of its liabilities by at least ten thousand rand multiplied by the number of partners; and

(e) until the 31st December 1974, if a member is a holder of shares of a corporate member and he and every other holder of shares of the corporate member were, immediately prior to the 30th August 1971, entitled under these rules to carry on the business of stockbrokers, such member shall be deemed to have such assets if and so long as the corporate member has in the Republic assets of which the aggregate value exceeds the amount of its liabilities by at least ten thousand rand multiplied by the number of holders of shares of the company.

(2) Assets referred to in this rule shall include only those assets in a stockbroker's business which have been defined by regulation."

Rule 54 be deleted and substituted by new rule 54 reading as follows:

"54. Two members of the same firm or corporate member may not propose and second an applicant for membership."

Rule 58 be deleted and substituted by new rule 58 reading as follows:

"58. If any applicant for admission as a member be rejected, he shall not be balloted for again within six months from the date of his rejection. This rule shall not apply to a corporate member."

Subreël 50 (iii) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 50 (iii), wat soos volg lui:

"50. (iii) (1) Niemand word toegelaat om 'n lid te word of as lid aan te bly nie tensy hy van goeie karakter en hoogstaande onkreukbaarheid in sy besigheid is en tensy ten tyde van sy toelating en daarna, terwyl hy kragtens die reëls van die Effektebeurs gemagtig is om die besigheid van 'n effektemakelaar te dryf, hy in die Republiek bates besit wat sy laste oorskry met minstens twintigduisend rand plus, indien die bepalings van subreël (i) van hierdie reël op hom van toepassing is, die bedrag daarin bedoel: Met dien verstande dat—

(a) 'n lid wat besigheid doen in vennootskap met enige ander lid, geag word sodanige bates aldus te besit indien en vir solank die vennootskap in die Republiek bates besit waarvan die totale waarde die bedrag van sy laste oorskry met minstens veertigduisend rand plus tienduisend rand vermenigvuldig met die getal vennote bo twee (2);

(b) 'n lid wat die houer is van aandele van 'n geïnkorporeerde lid, geag word sodanige bates aldus te besit indien en vir solank die geïnkorporeerde lid in die Republiek bates besit waarvan die totale waarde die bedrag van sy laste oorskry met minstens veertigduisend rand plus tienduisend rand vermenigvuldig met die getal houers van aandele van daardie geïnkorporeerde lid bo twee (2);

(c) tot 31 Desember 1974, 'n lid wat onmiddellik voor 30 Augustus 1971 kragtens hierdie reëls geregtig was om as effektemakelaar besigheid te doen, aldus bates moet besit wat sy laste met minstens tienduisend rand oorskry;

(d) indien 'n lid besigheid in vennootskap met enige ander lid doen en hy en elke ander lid van sodanige vennootskap onmiddellik voor 30 Augustus 1971 kragtens hierdie reëls geregtig was om as effektemakelaar besigheid te doen, sodanige eersgenoemde persoon tot 31 Desember 1974 geag word sodanige bates te besit indien en vir solank die vennootskap in die Republiek bates besit waarvan die totale waarde die bedrag van sy laste oorskry met minstens tienduisend rand vermenigvuldig met die getal vennote; en

(e) indien 'n lid die houer is van aandele van 'n geïnkorporeerde lid en hy en elke ander houer van aandele van die geïnkorporeerde lid onmiddellik voor 30 Augustus 1971 kragtens hierdie reële geregtig was om as effektemakelaars sake te doen, sodanige lid tot 31 Desember 1974 geag word sodanige bates te besit indien en vir solank die geïnkorporeerde lid in die Republiek bates besit waarvan die totale waarde die bedrag van sy laste oorskry met minstens tienduisend rand vermenigvuldig met die getal houers van aandele van die maatskappy.

(2) Bates in hierdie reël bedoel, sluit slegs daardie bates van 'n effektemakelaar se besigheid in wat by regulasie omskryf word."

Reël 54 moet geskrap en vervang word deur nuwe reël 54, wat soos volg lui:

"54. Twee lede van dieselfde firma of geïnkorporeerde lid mag nie 'n aansoeker om lidmaatskap voorstel en sekondeer nie."

Reël 58 moet geskrap en vervang word deur nuwe reël 58, wat soos volg lui:

"58. Indien 'n aansoeker om toelating as lid afgekeur word, mag daar nie binne ses maande na die datum van sy afkeuring weer oor hom gestem word nie. Hierdie reël is nie op 'n geïnkorporeerde lid van toepassing nie."

Sub-rule 61 (i) be deleted and substituted by new sub-rule 61 (i) reading as follows:

"61. (i) The following entrance fee shall be paid to the Stock Exchange by members other than corporate members:

Members entrance fee: R1 050,00:

Provided that the entrance fee for authorised clerks with at least 3 years continuous service immediately prior to their admission as members and other clerks who for a period of five years immediately prior to their admission as members have been continuously employed in the broking business of members, shall be two-thirds of the above amount."

Sub-rule 61 (iii) (a) be deleted and substituted by new sub-rule 61 (iii) (a) reading as follows:

"61. (iii) (a) (1) Every broking member other than a corporate member and a member of a corporate member but including other companies, every associate member, and every non-broking member who is a branch manager, shall pay R200,00 (two hundred rand) per annum.

(2) Every corporate member shall pay R200,00 (two hundred rand) per annum multiplied by the number of its members who are broking members."

Sub-rule 61 (iii) (c) be deleted and substituted by new sub-rule 61 (iii) (c) reading as follows:

"61. (iii) (c) In addition to the subscription payable in terms of paragraph (a) every broking firm (which term shall include a partnership, corporate member, company or individual broking member who is not a member of a partnership or corporate member) shall pay such amount as the Committee may decide each year, not exceeding R100 per annum."

Sub-rules 61 (vii) (b) and (c) be deleted and substituted by new sub-rules 61 (vii) (b) and (c) reading as follows:

"61. (vii) (b) On the formation of a partnership or the admission of a corporate member such partnership or corporate member may with the consent of the Committee, take over any junior member or clerk of the individual members and/or previous partnership provided that such partnership or corporate member shall not have any junior members or clerks in excess of the number permitted in terms of Rules 83 and 216. The appointment of any junior members or clerks in excess of this number shall be automatically cancelled and the partnership or corporate member shall notify the Secretary which junior members or clerks have been withdrawn. Any junior members or clerks to be taken over shall appear before the Committee for examination should the Committee so require.

(c) Junior members and clerks may, with the consent of the Committee, be transferred from one employer to another provided that no member shall have any junior members or clerks in excess of the number permitted in terms of Rules 83 and 216 and junior members and clerks to be transferred shall appear before the Committee for examination should the Committee so require."

Sub-rule 62 (iv) be deleted and substituted by new sub-rule 62 (iv) reading as follows:

"62. (iv) A junior member who has been a junior member for not less than three years and who changes his status from a junior member to a member and becomes a partner or employee of the member, firm or corporate member which employed him as a junior member shall acquire and hold during his membership at least two Proprietary Rights provided that in the event of his leaving such member, firm or corporate member within two years of his becoming a member he shall be obliged to acquire and hold a third Proprietary Right."

Subreël 61 (i) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 61 (i), wat soos volg lui:

"61. (i) Die volgende toetredingsgelde word aan die Effektebeurs deur ander lede as geïnkorporeerde lede betaal:

Lidmaatskapstoetredingsgeld: R1 050,00:

Met dien verstande dat die toetredingsgeld vir gemagtigde klerke met minstens 3 jaar ononderbroke diens onmiddellik voor hul toelating as lede, en vir ander klerke wat vir 'n tydperk van vyf jaar onmiddellik voor hul toelating as lede ononderbroke in diens was van die makelaarsbesigheid van lede, twee-derdes van bostaande bedrag is."

Subreël 61 (iii) (a) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 61 (iii) (a), wat soos volg lui:

"61. (iii) (a) (1) Elke ander makelaarslid as 'n geïnkorporeerde lid en 'n lid van 'n geïnkorporeerde lid maar met inbegrip van ander maatskappye, elke verbonde lid, en elke nie-makelaarslid wat 'n takbestuurder is, betaal tweehonderd rand (R200,00) per jaar.

(2) Elke geïnkorporeerde lid betaal R200,00 (tweehonderd rand) per jaar vermenigvuldig met die getal van sy lede wat makelaarslede is."

Subreël 61 (iii) (c) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 61 (iii) (c), wat soos volg lui:

"61. (iii) (c) Benewens die ledegelde wat ingevolge paragraaf (a) betaalbaar is, betaal elke makelaarsfirma (hierdie uitdrukking omvat ook 'n vennootskap, geïnkorporeerde lid, maatskappy of individuele makelaarslid wat nie lid van 'n vennootskap of geïnkorporeerde lid is nie) sodanige bedrag as wat die Komitee elke jaar mag besluit maar wat nie R100 per jaar oorskry nie."

Subreëls 61 (vii) (b) en (c) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreëls 61 (vii) (b) en (c), wat soos volg lui:

"61. (vii) (b) By die stigting van 'n vennootskap of die toelating van 'n geïnkorporeerde lid kan sodanige vennootskap of geïnkorporeerde lid met die toestemming van die Komitee enige junior lid of klerk van die individuele lede en/of vorige vennootskap oorneem, op voorwaarde dat sodanige vennootskap of geïnkorporeerde lid nie meer junior lede of klerke in diens sal hê as die getal wat ingevolge reëls 83 en 216 toegelaat word nie. Die aanstelling van enige junior lede of klerke wat hierdie getal oorskry, word outomaties ingetrek en die vennootskap of geïnkorporeerde lid stel die Sekretaris in kennis watter junior lede of klerke onttrek is. Enige junior lede of klerke wat oorgeneem moet word, verskyn voor die Komitee vir ondersoek indien die Komitee dit vereis.

(c) Junior lede en klerke mag, met die toestemming van die Komitee, van een werkgewer na 'n ander oorgeplaas word op voorwaarde dat geen lid meer junior lede of klerke mag hê as die getal wat ingevolge reëls 83 en 216 toegelaat word nie, en dat junior lede en klerke wat oorgeplaas moet word, voor die Komitee verskyn vir ondersoek indien die Komitee dit vereis."

Subreël 62 (iv) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 62 (iv), wat soos volg lui:

"62. (iv) 'n Junior lid wat vir minstens drie jaar 'n junior lid was en wat sy status van dié van 'n junior lid tot 'n lid verander en 'n vennoot of werknemer word van die lid, firma of geïnkorporeerde lid wat hom as junior lid in diens gehad het, moet minstens twee eiendomsregte verkry en gedurende sy lidmaatskap hou: Met dien verstande dat, indien hy sodanige lid, firma of geïnkorporeerde lid binne twee jaar nadat hy lid geword het verlaat, hy verplig is om 'n derde eiendomsreg te verkry en te hou."

Add the following new sub-rule (viii) to Rule 62:

"62. (viii) Corporate members shall not be obliged to hold any proprietary rights."

Sub-rule 63 (i) be deleted and substituted by new sub-rule 63 (i) reading as follows:

"63. (i) Any applicant admitted by the Committee as a member shall not be entitled to any of the privileges of membership until he acquires the number of proprietary rights he is required to hold in terms of Rule 62."

Rule 67 be deleted and substituted by new rule 67 reading as follows:

"67. (i) Members wishing to resign membership of the Stock Exchange must notify their intention of doing so in writing to the Secretary who will post such notice on the notice board in the Stock Exchange for at least four weeks before the Committee will consider the acceptance of such resignation. The Committee may accept such resignation either unconditionally or on such conditions as they may think fit, or may refuse to accept such resignation and in particular may refuse to accept such resignation until they are satisfied that all outstanding deals with such member have been settled. No application for resignation shall without the consent of the Committee be withdrawn.

(ii) Unless the Committee otherwise directs, a natural broking member who is not carrying on business in partnership who wishes to resign shall before the Committee considers the acceptance of such resignation furnish the Committee with an Auditor's Certificate stating that all his obligations and commitments arising out of his Stock Exchange business have been fully discharged and that all safe custody scrip in his possession has been returned to the rightful owner. Unless the Committee otherwise directs such a certificate shall also be furnished if all the members of a partnership wish to resign or if a corporate member and all its members wish to resign or if a non-broking or an associate member who has changed his status from a broking member wishes to resign and has not furnished the Committee with a certificate in terms of Rule 187."

Rule 84 be deleted and substituted by new rule 84 reading as follows:

"84. Any agreement in terms of which any person receives, other than by way of a salary or bonus paid to an employee and which the Committee considers to be reasonable, any of the profits of a member, and any agreement in terms of which any money and/or securities are lent to a member at a rate of interest or for a consideration which the Committee considers to be unreasonable shall, for the purpose of these rules, be deemed to be a partnership. The aforegoing shall not apply to dividends or other payments which are made by a corporate member to its members. No members shall enter into partnership, whether a new partnership or a reconstruction of an old partnership, until they have obtained the consent of the Committee. The Committee shall not grant such consent unless the constitution of such partnership complies with the said Act and these rules. No partnership shall be deemed to have been dissolved until notice of such dissolution has been communicated to the Secretary, and the Committee has granted permission for such dissolution to take effect. If on the dissolution of a partnership any member thereof wishes to trade on his own account he shall obtain the consent of the Committee, who shall not grant such consent unless such member complies with the provisions of the said Act and these rules, and the Committee may determine that such member shall serve a probationary period as provided in terms of Rule 47."

Voeg die volgende nuwe subreël (viii) toe aan reël 62:

"62. (viii) Geïnkorporeerde lede is nie verplig om enige eiendomsregte te hou nie."

Subreël 63 (i) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 63 (i), wat soos volg lui:

"63. (i) Enige aansoeker wat deur die Komitee as 'n lid toegelaat word, is nie op enige van die voorregte van lidmaatskap geregtig alvorens hy die getal eiendomsregte verkry het wat hy ingevolge reël 62 moet hou nie."

Reël 67 moet geskrap en vervang word deur nuwe reël 67, wat soos volg lui:

"67. (i) Lede wat verlang om as lede van die Effektebeurs te bedank, moet hul voorneme om dit te doen skriftelik aan die Sekretaris meedeel, wat sodanige mededeling vir minstens vier weke voordat die Komitee die aanname van sodanige bedanking sal oorweeg, op die kennisgewingbord van die Effektebeurs sal plak. Die Komitee kan sodanige bedanking òf onvoorwaardelik òf op sulke voorwaardes as wat hulle goedvind, aanneem of kan weier om sodanige bedanking aan te neem en kan in die besonder weier om sodanige bedanking aan te neem totdat hulle daarvan oortuig is dat alle uitstaande transaksies met sodanige lid afgehandel is. Geen aansoek om bedanking mag sonder die toestemming van die Komitee teruggetrek word nie.

(ii) Tensy die Komitee anders bepaal, voorsien 'n natuurlike makelaarslid wat nie in vennootskap sake doen nie en wil bedank, die Komitee, voordat die aanname van sy bedanking deur die Komitee oorweeg word, van 'n ouditeursertifikaat ten effekte dat al sy verpligtings en verbintenisse voortspruitende uit sy effektebeursbesigheid ten volle nagekom is en dat alle effekte wat vir veilige bewaring in sy besit was, aan die regmatige eienaar teruggesorg is. Tensy die Komitee anders bepaal, moet so 'n sertifikaat ook verstrek word indien al die lede van 'n vennootskap wil bedank of indien 'n geïnkorporeerde lid en al sy lede wil bedank of indien 'n nie-makelaarslid of 'n verbonde lid wat sy status van dié van makelaarslid verander het, wil bedank en hy die Komitee nie van 'n sertifikaat ingevolge reël 187 voorsien het nie."

Reël 84 moet geskrap en vervang word deur nuwe reël 84, wat soos volg lui:

"84. Enige ooreenkoms ingevolge waarvan enige persoon enige van die winste van 'n lid ontvang, anders as by wyse van 'n salaris of bonus wat aan 'n werknemer betaal en deur die Komitee as redelik beskou word, en enige ooreenkoms ingevolge waarvan geld en/of sekuriteite aan 'n lid geleen word teen 'n rentekoers of teen vergoeding wat deur die Komitee as onredelik beskou word, word vir die doel van hierdie reëls geag 'n vennootskapsooreenkoms te wees. Die voorgaande is nie van toepassing op dividend- of ander betalings wat deur 'n geïnkorporeerde lid aan sy lede gedoen word nie. Geen lede mag 'n vennootskap, hetsy 'n nuwe vennootskap of die hersamestelling van 'n ou vennootskap, aangaan alvorens hulle die toestemming van die Komitee verkry het nie. Die Komitee verleen nie sodanige toestemming nie tensy die konstitusie van sodanige vennootskap aan die gemelde Wet en hierdie Reëls voldoen. Geen vennootskap word geag ontbind te wees alvorens kennis van sodanige ontbinding aan die Sekretaris oorgedra is en die Komitee toestemming tot die inwerkingtreding van sodanige ontbinding verleen het nie. Indien by die ontbinding van 'n vennootskap enige lid daarvan verlang om vir sy eie rekening handel te dryf, moet hy die toestemming van die Komitee verkry wat nie sodanige toestemming verleen nie tensy sodanige lid aan die bepalings van gemelde Wet en hierdie Reëls voldoen, en die Komitee kan bepaal dat so 'n lid 'n proeftydperk uitdien soos in reël 47 voorgeskryf."

Sub-rules 150 (i) and (ii) be deleted and substituted by new sub-rules 150 (i) and (ii) reading as follows:

"150. (i) Advice notes and acceptances shall be signed by one of the following:

(a) The member issuing the same or a member of the partnership or corporate member issuing the same.

(b) A junior member or authorised clerk employed by such member, partnership or corporate member.

(c) A member acting in the capacity of authorised clerk to such member, partnership or corporate member.

(d) A branch manager who is not a partner of such member, or partnership or a member of such corporate member.

(e) In the case of a banking, trust or other company, the representative of the banking, trust or other company duly appointed in terms of these Rules.

(f) Any person in whose favour a power of attorney has been granted by such member, partnership, corporate member or banking, trust or other company provided such power of attorney has been submitted to and approved by the Committee.

(ii) If any advice notes or acceptances are signed by any person not authorised in terms of sub-rule (i), the member or the members of a partnership issuing the same or corporate member issuing the same and its members shall be liable to be dealt with under Rule 27."

Rule 177 be deleted and substituted by new rule 177 reading as follows:

"177. A member declared insolvent or a corporate member or banking, trust or other company placed in liquidation shall ipso facto cease to be a Member and Rules 35, 167 to 176 inclusive and 178 to 181 inclusive shall apply in the same manner as if such insolvent were a defaulter.

A member whose estate is provisionally sequestrated or which is placed in provisional liquidation shall be automatically suspended during the period of such provisional sequestration or liquidation."

Add the following new Rule 182:

"In the event of a corporate member being declared a defaulter the members of that corporate member shall be simultaneously declared defaulters."

Sub-rule 188 (6) be deleted and substituted by new sub-rule 188 (6) reading as follows:

"188. (6) Notwithstanding anything in this Rule contained brokers may, in their discretion, make no charge or may charge a lesser amount than is hereinbefore provided, in transactions in securities at 5 cents or under, or in transactions where the total consideration is not more than R10,00, or in any transaction entered into by a corporate member on behalf of a member of that corporate member who is a broking member of the Stock Exchange or in any transaction entered into by a partnership on behalf of one of its partners."

Sub-rule 190 (d) be deleted and substituted by new sub-rule 190 (d) reading as follows:

"190. (d) (i) Every broking member shall, before the 30th June and 31st December in each year, transmit to the Committee a certificate by an auditor that on the preceding last day of February and 31st August or such other days as the Committee may approve he had, or if he was at such preceding date trading in partnership, the partnership had, or if he was at such preceding date a member of a corporate member, the corporate member had in his or its stock exchange business assets which complied with whichever of the provisions of Rule 50 (iii) were applicable.

Subreëls 150 (i) en (ii) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreëls 150 (i) en (ii), wat soos volg lui:

"150. (i) Adviesnotas en aanvaardings moet deur een van die volgende onderteken word:

(a) Die lid wat dit uitreik, of 'n lid van die vennootskap of geïnkorporeerde lid wat dit uitreik.

(b) 'n Junior lid of gemagtigde klerk wat by sodanige lid, vennootskap of geïnkorporeerde lid in diens is.

(c) 'n Lid wat in die hoedanigheid van gemagtigde klerk van sodanige lid, vennootskap of geïnkorporeerde lid optree.

(d) 'n Takbestuurder wat nie 'n vennoot van sodanige lid of vennootskap of 'n lid van sodanige geïnkorporeerde lid is nie.

(e) In die geval van 'n bank-, trust- of ander maatskappy, die verteenwoordiger van die bank-, trust- of ander maatskappy wat behoorlik ingevolge hierdie Reëls aangestel is.

(f) Enige persoon ten gunste van wie 'n volmag verleen is deur sodanige lid, vennootskap, geïnkorporeerde lid of bank-, trust- of ander maatskappy, mits sodanige volmag voorgelê is aan en goedgekeur is deur die Komitee.

(ii) Indien enige adviesnotas of aanvaardings deur 'n persoon onderteken is wat nie ingevolge subreël (i) daartoe gemagtig is nie, kan met die lid of die lede van 'n vennootskap wat dit uitreik of met die geïnkorporeerde lid wat dit uitreik en sy lede ingevolge reël 27 gehandel word."

Reël 177 moet geskrap en vervang word deur nuwe reël 177, wat soos volg lui:

"177. 'n Lid wat insolvent verklaar is of 'n geïnkorporeerde lid of 'n bank-, trust- of ander maatskappy wat in likwidasie geplaas is, hou *ipso facto* op om lid te wees en reëls 35, 167 tot en met 176 en 178 tot en met 181 is van toepassing asof sodanige insolvente persoon 'n wanbetaler is.

'n Lid wie se boedel voorlopig gesekwestreer of in voorlopige likwidasie geplaas word, is outomaties geskors gedurende die tydperk van sodanige voorlopige sekwestrasie of likwidasie."

Voeg die volgende nuwe reël 182 by:

"182. Indien 'n geïnkorporeerde lid tot wanbetaler verklaar word, word die lede van daardie geïnkorporeerde lid tegelykertyd tot wanbetalers verklaar."

Subreël 188 (6) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 188 (6), wat soos volg lui:

"188. (6) Ondanks enigiets in hierdie reël vervat, hoef makelaars, na goeddunke, nie te laat betaal nie of kan hulle minder laat betaal as wat hierbo bepaal word vir transaksies in effekte teen 5 sent of minder of vir transaksies waar die totale vergoeding nie meer as R10,00 is nie, of vir transaksies aangegaan deur 'n geïnkorporeerde lid namens 'n lid van daardie geïnkorporeerde lid wat 'n makelaarslid van die Effektebeurs is of vir enige transaksie aangegaan deur 'n vennootskap namens een van sy vennote."

Subreël 190 (d) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 190 (d), wat soos volg lui:

"190. (d) (i) Elke makelaarslid stuur voor 30 Junie en 31 Desember van elke jaar aan die Komitee 'n sertifikaat deur 'n ouditeur dat op die voorafgaande laaste dag van Februarie en 31 Augustus, of sodanige ander dae wat die Komitee goedkeur, die lid, of indien hy op sodanige voorafgaande datum in vennootskap handel gedryf het, die vennootskap, of indien hy op sodanige voorafgaande datum 'n lid van 'n geïnkorporeerde lid was, die geïnkorporeerde lid in sy effektebeursbesigheid bates gehad het wat voldoen het aan dié van die bepalings van reël 50 (iii) wat van toepassing was.

(ii) Whenever an incorporated company is admitted as a corporate member, it shall within three months of being so admitted, transmit to the Committee a certificate by an auditor that the corporate member had on the day when it was admitted, assets which complied with whichever of the provisions of Rule 50 (iii) as were applicable. Pending receipt of such certificate, the Committee may grant such corporate member temporary permission to transact business as a broking member.

(iii) Whenever any members enter into partnership they shall, within three months of their obtaining permission from the Committee to enter into such partnership, transmit to the Committee a certificate by an auditor that the partnership had on the day that it was entered into assets in its stock exchange business which complied with whichever of the provisions of Rule 50 (iii) were applicable. Pending receipt of such certificate the Committee may grant such members temporary permission to enter into such partnership.

(iv) If on the dissolution of any partnership or where a member ceases to be a member of a corporate member, any member of such partnership or such member of a corporate member wishes to trade on his own account, he shall, within three months of his being granted permission so to trade by the Committee, transmit to the Committee a certificate by an auditor that on the date he was granted such permission he had assets in his stock exchange business which complied with whichever of the provisions of Rule 50 (iii) were applicable. Pending receipt of such certificate the Committee may grant him temporary permission to trade on his own account.

(v) If a non-broking member becomes a broking member, or if a member who has been employed as a clerk trades on his own account, he shall, within three months of his being granted permission so to do, transmit to the Committee a certificate by an auditor that on the date that he was granted such permission, he had assets in his stock exchange business which complied with whichever of the provisions of Rule 50 (iii) were applicable. Pending receipt of such certificate, the Committee may grant him temporary permission to become a broking member or to trade on his own account, as the case may be."

Add new sub-rule 190 (f)—

"190. (f) Compliance with this rule by a corporate member shall constitute compliance by all the members of that corporate member."

Sub-rule 212 (iii) be deleted and substituted by new sub-rule 212 (iii) reading as follows:

"212. (iii) Unless the Committee otherwise directs—

(a) if any member of a partnership is suspended, the other members of the partnership shall be automatically suspended for the same period;

(b) if any member of a corporate member is suspended that corporate member and all the other members thereof shall be automatically suspended for the same period;

(c) if a corporate member is suspended, all the members of such corporate member shall be automatically suspended for the same period."

Sub-rule 216 (iii) be deleted and substituted by new sub-rule 216 (iii) reading as follows:

"216. (iii) (a) A junior member shall be an employee of a broking member or partnership in terms of a written contract of employment which shall be approved of by the Committee.

(b) A natural broking member or a corporate member having only one director may not employ more than two (2) junior members.

(ii) Wanneer 'n geïnkorporeerde maatskappy as 'n geïnkorporeerde lid toegelaat word, stuur hy binne drie maande nadat hy aldus toegelaat is, aan die Komitee 'n sertifikaat deur 'n ouditeur dat die geïnkorporeerde lid op die dag waarop hy toegelaat is, bates gehad het wat voldoen het aan dié van die bepalings van reël 50 (iii) wat van toepassing was. In afwagting van die ontvangs van sodanige sertifikaat kan die Komitee aan sodanige geïnkorporeerde lid tydelike toestemming verleen om besigheid te doen as 'n makelaarslid.

(iii) Wanneer lede in vennootskap tree, stuur hulle binne drie maande nadat hulle die Komitee se toestemming verkry het om so 'n vennootskap aan te gaan, aan die Komitee 'n sertifikaat deur 'n ouditeur dat die vennootskap op die dag waarop dit aangegaan is, in sy effektebeursbesigheid bates gehad het wat voldoen het aan dié van die bepalings van reël 50 (iii) wat van toepassing was. In afwagting van die ontvangs van sodanige sertifikaat kan die Komitee aan sodanige lede tydelike toestemming verleen om so 'n vennootskap aan te gaan.

(iv) Indien 'n lid van 'n vennootskap by die ontbinding van dié vennootskap of indien 'n lid van 'n geïnkorporeerde lid nadat hy opgehou het om lid van die geïnkorporeerde lid te wees, vir eie rekening handel wil dryf, stuur hy binne drie maande nadat deur die Komitee aan hom toestemming verleen is om aldus handel te dryf, aan die Komitee 'n sertifikaat deur 'n ouditeur dat op die datum waarop sodanige toestemming aan hom verleen is, hy in sy effektebeursbesigheid bates gehad het wat voldoen het aan dié van die bepalings van reël 50 (iii) wat van toepassing was. In afwagting van die ontvangs van sodanige sertifikaat kan die Komitee aan hom tydelike toestemming verleen om vir sy eie rekening handel te dryf.

(v) Indien 'n nie-makelaarslid 'n makelaarslid word, of indien 'n lid wat as klerk in diens was, vir sy eie rekening handel dryf, stuur hy binne drie maande nadat aan hom toestemming verleen is om dit te doen, aan die Komitee 'n sertifikaat deur 'n ouditeur dat op die datum waarop sodanige toestemming verleen is, hy in sy effektebeursbesigheid bates gehad het wat voldoen het aan dié van die bepalings van reël 50 (iii) wat van toepassing was. In afwagting van die ontvangs van sodanige sertifikaat kan die Komitee aan hom tydelike toestemming verleen om 'n makelaarslid te word of om vir sy eie rekening handel te dryf, na gelang van die geval."

Voeg nuwe subreël 190 (f) by:

"190. (f) Nakoming van hierdie reël deur 'n geïnkorporeerde lid is gelyk aan nakoming deur al die lede van daardie geïnkorporeerde lid."

Subreël 212 (iii) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 212 (iii), wat soos volg lui:

"212. (iii) Tensy die Komitee anders bepaal—

(a) indien 'n lid van 'n vennootskap geskors word, is die ander lede van die vennootskap outomaties vir dieselfde tydperk geskors;

(b) indien 'n lid van 'n geïnkorporeerde lid geskors word, is daardie geïnkorporeerde lid en alle ander lede daarvan outomaties vir dieselfde tydperk geskors;

(c) indien 'n geïnkorporeerde lid geskors word, is al die lede van sodanige geïnkorporeerde lid outomaties vir dieselfde tydperk geskors."

Subreël 216 (iii) moet geskrap en vervang word deur nuwe subreël 216 (iii), wat soos volg lui:

"216. (iii) (a) 'n Junior lid moet 'n werknemer wees van 'n makelaarslid of -vennootskap ingevolge 'n skriftelike dienskontrak wat deur die Komitee goedgekeur is.

(b) 'n Natuurlike makelaarslid of 'n geïnkorporeerde lid wat slegs een direkteur het, mag nie meer as twee (2) junior lede in diens hê nie.

(c) A partnership consisting of two or more natural broking members and a corporate member having more than one director may not employ more than two (2) junior members plus one (1) junior member in respect of each partner or director, as the case may be, in excess of one (1), subject to a maximum of ten (10) junior members employed by any partnership or corporate member.

(d) If the aforesaid maximum is exceeded as a result of a partnership or corporate member being reconstituted by one or more members ceasing to be members thereof, or as a result of any amalgamation of two or more broking members or partnerships the Committee may agree to such excess on such terms and conditions as it deems fit or may stipulate a period within which the number of junior members employed by the broking member or partnership must be reduced to the maximum permitted.

(e) Candidates seeking election as junior members shall make application to the General Manager on the form set forth in Appendix B (4) which application shall be countersigned by his employer."

Add the following new Rule 218:

"Corporate Members

218. (i) An incorporated company may become a member of the Stock Exchange only by means of a resolution passed by the Committee.

(ii) Application for membership shall be accompanied by a copy of the Memorandum and Articles of Association of the incorporated company, a copy of any agreement entered into or proposed to be entered into between the members of the company relative to the affairs and the shares thereof and such other documents as the Committee may require. In the event of a proposed agreement being submitted, a signed copy shall be submitted as soon as the agreement has been signed.

(iii) The Committee shall not grant any such application unless the constitution and the financial position of the incorporated company complies with the said Act and these Rules.

(iv) The Committee may at any time call upon a corporate member to amend its Memorandum and Articles of Association in such manner as the Committee may determine and such corporate member shall make such amendments within such time as the Committee prescribes.

(v) Only natural persons who are broking members of the Stock Exchange may hold the shares of a corporate member or have any interest in such shares, provided that in the event of any person dying or ceasing to qualify so to hold shares of the corporate member any shares thereof so held by him prior thereto, may continue to be held by him or his estate for such time as the Committee may determine, but no voting rights shall attach to such shares during such period.

(vi) Every holder of shares of a corporate member, other than a person referred to in the proviso to sub-rule (v), shall be a director of the corporate member and no other person shall be a director of such member.

(vii) A holder of such shares shall not dispose of any of his shares without the prior consent of the Committee unless the disposal is to another shareholder of the corporate member who is a broking member of the Stock Exchange.

(c) 'n Vennootskap wat uit twee of meer natuurlike makelaarslede bestaan, en 'n geïnkorporeerde lid wat meer as een direkteur het, mag nie meer junior lede in diens hê nie as twee (2) junior lede plus een (1) junior lid ten opsigte van elke vennoot of direkteur, na gelang van die geval, wat meer as een (1) is, en die totaal is onderworpe aan 'n maksimum van tien (10) junior lede wat deur enige vennootskap of geïnkorporeerde lid in diens mag hê.

(d) Indien bogemelde maksimum oorskry word as gevolg van 'n vennootskap of geïnkorporeerde lid wat hersaamgestel word deurdat een of meer van die lede ophou om lede daarvan te wees, of as gevolg van enige samesmelting van twee of meer makelaarslede of -vennootskappe, mag die Komitee toestem tot sodanige oorskryding van die getal onderworpe aan sodanige bedinge en voorwaardes as wat hy goedvind, of mag die Komitee 'n tydperk bepaal waarbinne die getal junior lede in diens van die makelaarslid of -vennootskap tot die toegelate maksimum verminder moet word.

(e) 'n Kandidaat wat verlang om tot junior lid verkies te word, moet by die Hoofbestuurder op die vorm uiteengesit in Bylae B (4) aansoek doen en hierdie aansoek moet deur sy werkgewer mede-onderteken word."

Voeg die volgende nuwe reël 218 by:

"Geïnkorporeerde Lede

218. (i) 'n Geïnkorporeerde maatskappy kan slegs 'n lid van die Effektebeurs word by wyse van 'n besluit deur die Komitee aangeneem.

(ii) Aansoek om lidmaatskap moet vergesel gaan van 'n afskrif van die Akte van Oprigting en Statute van die geïnkorporeerde maatskappy, 'n afskrif van enige ooreenkoms wat tussen die lede van die maatskappy met betrekking tot die sake en die aandele daarvan aangegaan is of volgens voorneme aangegaan sal word en sodanige ander dokumente as wat die Komitee mag vereis. Indien 'n voorgenome ooreenkoms ingedien word, moet 'n getekende afskrif voorgelê word sodra die ooreenkoms onderteken is.

(iii) Die Komitee mag nie so 'n aansoek toestaan nie tensy die konstitusie en die finansiële posisie van die geïnkorporeerde maatskappy aan gemelde Wet en hierdie Reëls voldoen.

(iv) Die Komitee kan te eniger tyd 'n geïnkorporeerde lid aansê om sy Akte van Oprigting en Statute op sodanige wyse te wysig as wat die Komitee mag bepaal, en sodanige geïnkorporeerde lid moet sodanige wysigings binne sodanige tydperk aanbring as wat die Komitee voorskryf.

(v) Slegs natuurlike persone wat makelaarslede van die Effektebeurs is, mag die aandele van 'n geïnkorporeerde lid hou of enige belang by sodanige aandele hê: Met dien verstande dat, indien iemand te sterwe kom of ophou om te kwalifiseer om aldus aandele van die geïnkorporeerde lid te hou, aandele daarvan wat voor sodanige gebeurtenis deur hom gehou is, nog deur hom of sy boedel gehou kan word vir sodanige tydperk as wat die Komitee mag bepaal, maar gedurende sodanige tydperk is geen stemreg aan sodanige aandele verbonde nie.

(vi) Elke houer van aandele van 'n geïnkorporeerde lid, uitgesonderd iemand bedoel in die voorbehoudsbepaling van subreël (v), moet 'n direkteur van die geïnkorporeerde lid wees en geen ander persoon mag 'n direkteur van sodanige lid wees nie.

(vii) 'n Houer van sodanige aandele mag nie enige van sy aandele sonder die voorafverkreë toestemming van die Komitee van die hand sit nie tensy die aandele weggemaak word aan 'n ander aandeelhouer van die geïnkorporeerde lid wat 'n makelaarslid van die Effektebeurs is.

(viii) No person shall become a member of a corporate member without the prior consent of the Committee.

(ix) No member of a corporate member shall trade for his own account or on behalf of clients except through that corporate member.

(x) No member who has ceased to be a member of a corporate member shall trade as a stockbroker unless he has first obtained the consent of the Committee who shall not grant such consent unless such member complies with the provisions of the said Act and these rules, and the Committee may determine that such member shall serve a probationary period as provided in terms of Rule 47.

(xi) A corporate member may not have a subsidiary company except—

(a) a nominee company to hold securities on its behalf and on behalf of its members and clients; and

(b) a property-owning company formed or acquired primarily for the purpose of owning premises occupied by the corporate member.

(xii) No member shall own shares in more than one (1) corporate member.

(xiii) No corporate member shall allot or register transfer of any of its shares except to its existing shareholders who are broking members of the stock exchange or pass any special resolution without the consent of the Committee.

(xiv) No incorporated company shall be admitted as a member or allowed to continue as a member unless it satisfies the Committee that its assets exceed its liabilities by the amount referred to in sub-rules (1) (b) or (1) (e) of Rule 50 (iii), whichever is applicable. For the purpose of such calculation, goodwill shall not be taken into account as an asset.

(xv) No corporate member shall be entitled to vote at a meeting of members or at any ballot."

(23 June 1972)

NOTICE 395 OF 1972

WEIGHTS AND MEASURES ACT No. 13 OF 1958

Notice is hereby given in terms of section 22 (1) of the Weights and Measures Act, 1958, that every person posessing for use in trade any weighing or measuring instrument, weight or measure at a place specified in the Schedule hereto or at a place situated within 10 miles of any place so specified, is required to produce it at the place and time specified in the said Schedule, for the purpose of its being examined and assized or re-assized, unless it is—

(a) an instrument, weight or measure bearing a stamp of assize for 1972, or a contract instrument; or

(b) a weighing or measuring instrument, weight or measure exempted from assizing in terms of the Act; or

(c) a weighing or measuring instrument or a measure which is fixed in such a manner or is of such delicate construction or is of such weight that it cannot conveniently be moved; or

(d) a platform weighing instrument having a weighing capacity greater than 150 kg.

N.B.—Persons possessing for use in trade weighing or measuring equipment mentioned in paragraphs (c) and (d) above, which are not contract instruments, are reminded that they should have notified the Regional Assizer, P.O. Box 300, East London, before 15 January 1972, of the place where such weighing or measuring equipment is kept.

J. J. EVERTSE, Superintendent of Weights and Measures.
Pretoria, 5 June 1972.

(viii) Niemand mag sonder die voorafverkreë toestemming van die Komitee 'n lid word van 'n geïnkorporeerde lid nie.

(ix) Geen lid van 'n geïnkorporeerde lid mag anders as deur bemiddeling van die geïnkorporeerde lid vir sy eie rekening of namens sy kliënte handel dryf nie.

(x) Geen lid wat opgehou het om lid te wees van 'n geïnkorporeerde lid mag as 'n effektemakelaar handel dryf nie, tensy hy eers die toestemming verkry het van die Komitee, wat nie sodanige toestemming verleen nie tensy sodanige lid aan die bepalings van gemelde Wet en hierdie Reëls voldoen, en die Komitee kan bepaal dat sodanige lid 'n proeftydperk moet uitdien soos bepaal by reël 47.

(xi) 'n Geïnkorporeerde lid mag nie 'n filiaalmaatskappy hê nie behalwe—

(a) 'n benoemde maatskappy om effekte namens homself en namens sy lede en kliënte te hou; en

(b) 'n maatskappy wat eiendomme besit en gestig of verkry is hoofsaaklik met die doel om persele te besit wat deur die geïnkorporeerde lid geokkupeer word.

(xii) Geen lid mag aandele in meer as een (1) geïnkorporeerde lid besit nie.

(xiii) Geen geïnkorporeerde lid mag van sy aandele toeken of oordrag daarvan registreer nie, behalwe aan sy bestaande aandeelhouers wat makelaarslede van die Effektebeurs is, of mag enige spesiale besluit sonder die toestemming van die Komitee neem nie.

(xiv) Geen geïnkorporeerde maatskappy mag as lid toegelaat word of mag toegelaat word om as lid aan te bly nie tensy hy die Komitee daarvan oortuig dat sy bates sy laste oorskry met die bedrag bedoel in subreël 1 (b) of 1 (e) van reël 50 (iii), na gelang van watter een van toepassing is. Vir die doel van sodanige berekening word klandisiewaarde nie as 'n bate in aanmerking geneem nie.

(xv) Geen geïnkorporeerde lid is geregtig om op 'n vergadering van lede of by enige stemming te stem nie.

(23 Junie 1972)

KENNISGEWING 395 VAN 1972

WET OP MATE EN GEWIGTE, No. 13 VAN 1958

Kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Mate en Gewigte, 1958, word hierby kennis gegee dat elke persoon wat 'n weeg- of meetinstrument, maat of gewig vir gebruik in die handel besit op 'n plek in die Bylae hiervan vermeld of op 'n plek geleë binne 10 myl vanaf 'n plek aldus vermeld, dit op die plek en tyd genoem in vermelde Bylae vir ondersoek en yking of heryking moet lewer, tensy dit—

(a) 'n instrument, maat of gewig is waarop 'n ykstempel vir 1972 verskyn, of 'n kontrakinstrument is; of

(b) 'n weeg- of meetinstrument, maat of gewig is wat ingevolge die Wet van yking vrygestel is; of

(c) 'n weeg- of meetinstrument of maat is wat òf op so 'n wyse vas is òf van so 'n delikate konstruksie òf van so 'n gewig is dat dit nie gerieflik vervoer kan word nie; of

(d) 'n platformweeginstrument met 'n weegvermoë van meer as 150 kg is.

Let wel.—Persone wat vir gebruik in die handel weeg- of meettoerusting besit wat in bostaande paragrawe (c) en (d) vermeld staan en nie kontrakinstrumente is nie, word daaraan herinner dat hulle die Streekyker, Posbus 300, Oos-Londen, voor 15 Januarie 1972, in kennis moes gestel het van die plek waar sodanige weeg- of meettoerusting gehou word.

J. J. EVERTSE, Superintendent van Mate en Gewigte.
Pretoria, 5 Junie 1972.

SCHEDULE

Seymour	Police Station	8.30 a.m.–10.30 a.m.	12 July 1972.
Balfour	Police Station	8.30 a.m.–12 noon	12 July 1972.
Alice	Police Station	8.30 a.m.–4.00 p.m.	18 July 1972.
Alice	Police Station	8.30 a.m.–10.00 a.m.	19 July 1972.
Middledrift	Police Station	9.30 a.m.–12 noon	20 July 1972.
Keiskammahoek	E. A. Kopke	8.30 a.m.–3.00 p.m.	21 July 1972.
King William's Town	Drill Hall	8.30 a.m.–4.00 p.m.	25, 26, 27 en 28 July 1972.

BYLAE

Seymour	Polisiekantoor	8.30 vm.–10.30 vm.	12 Julie 1972.
Balfour	Polisiekantoor	8.30 vm.–12-uur middag	13 Julie 1972.
Alice	Polisiekantoor	8.30 vm.–4.00 nm.	18 Julie 1972.
Alice	Polisiekantoor	8.30 vm.–10 00 vm.	19 Julie 1972.
Middledrift	Polisiekantoor	9.30 vm.–12-uur middag	20 Julie 1972.
Keiskammahoek	E. A. Kopke	8.30 vm.–3.00 nm	21 Julie 1972.
King William's Town	Drilsaal	8.30 vm.–4.00 nm.	25, 26, 27 en 28 Julie 1972.

(23 June 1972)/(23 Junie 1972)

Useful Hints–

1. Address all mail fully, clearly and without misleading abbreviations.
2. Place your own address on the back of the envelope or wrapper.
3. Do not enclose coins or other hard objects in letters.
4. Send remittances by Postal Order or Money Order.
5. Pack parcels properly, using strong containers and heavy paper. Tie securely.
6. Prepay postage fully.
7. Place postage stamps in the upper right hand corner of the envelope or wrapper.
8. Insure your parcels and register valuable letters. Documents which can only be replaced at considerable cost should preferably be insured.
9. Post early and often during the day. Mail held until the last moment may cause delay.
10. Give your correspondents your correct post office address including your box number where applicable.

Nuttige wenke–

1. Adresseer alle posstukke volledig, duidelik en sonder misleidende afkortings.
2. Plaas u eie adres agterop die koevert of omslag.
3. Moenie muntstukke of ander harde artikels in briewe insluit nie.
4. Gebruik posorders of poswissels wanneer geld deur die pos gestuur word.
5. Verpak pakkette behoorlik. Gebruik sterk houers en dik papier en bind dit stewig vas.
6. Maak seker dat die posgeld ten volle vooruitbetaal is.
7. Plak die posseëls in die boonste regterhoek van die koevert of omslag.
8. Verseker u pakkette en registreer waardevolle briewe. Dokumente wat slegs teen hoë koste vervang kan word, moet verkieslik verseker word.
